Ps. 48: 4,5
Ps. 66: 1,7.
Ges. 31: 1,2.
(Ges. 94: 1,3)

# Die Vierde in die Vuur.

Jeugbiddag Ark.
4 Febr. 1962.

## Daniel 3:1-30.

Dan. 3:18 – Laat dit dan bekend wees, o koning, dat ons u gode nie sal dien nie en die goue beeld wat u opgerig het, nie sal aanbid nie.

Die boek Daniël is d. boek van jeughelde – die verhaal (nie net een nie, mr. 'n reeks) van jongmanne wat ons v/dag jeughelde noem omdat hulle Godshelde was. Een van dd. gebeurtenisse wil ons v/m. bespreek: dié w/in die 3 jong vriende van Daniël betrokke raak. Ek verhaal nie weer d. geskiedenis nie – dis sopas gelees. Maar in dd. gesk. is daar 3 partye betrokke: die Koning Nebukadnesar, die 3 vriende van Daniël, knegte v.d. Koning, en die Koningseun, die 4e metgesel in die vuur.

I Die Verering in die Dal: Die hoofstuk begin met die verrassende aankondiging: „Koning Nebukadnesar het 'n beeld van goud gemaak" Net vantevore word ons vertel van sy droom v.d. beeld van goud, silwer, koper, yster, klei wat net Daniel kon uitlê en w/in hom aangesê is dat sy ryk die hoof v. goud was, die kop v.d. beeld, maar dat 'n klip eendag die hele beeld sou vernietig – 'n klip wat sonder toedoen v. mensehande sou losraak v.d. berg en dus ook sy ryk! die beeld onder in die dal sou vermorsel.

Nare droom! Sou dit om dié rede wees dat Nebukadnesar die beeld alles goud! Nie koper + klei! laat oprig? Ons weet nie – kan net raai – loskom v.d. onaangename assosiasies!

Die beeld is geweldig: 90 vt hoog x 9 vt breed! En die doel? (1) Simbool v. sy militêre mag? (2) Teken van sy staatsmag? (3) Beeld van eie grootsheid? Ons weet nie – maar wat ons

weet is dat hy van al sy maghebbers (as verteenwoordigers v.d. hele volk) geeïnde verering v.d. beeld opeis. En om seker te maak dat niemand weier nie – die stil maar sprekende dreigement v.d. vurige oond. Gesag onder dwang – die gesag v. vrees! Wie gaan nou sulke dwase vrees om so 'n gesag nie te gehoorsaam nie – al doen jy dit ook onder 'n valse skyn?

Daar het u die toneel: die grootse beeld van glinsterende goud, die pragtige prosessie, marsmusiek van talle instrumente, perfekte organisasie, en bo-al die Koning & sy maghebbers. Op die gegewe oomblik as d. trompette blaas: die ganse skare in aanbidding voor die beeld! Al die aanwesiges – behalwe 3!

II Die Verkeerdheid v.d. Diensmanskap: Lank vantevore reeds het hd 3, Sadrag, Mesag & Abednego, saam met Daniël te kenne gegee dat hulle die eer aan God alleen kan gee in alle sake wat hulle geloof & hulle godsaanbidding raak. Toe die aankondiging v.d. beeld i.v.m. die fees i.d. dal gekom het, het hulle geweet: ons kan dit nie vermy nie – ons sal moet gaan. Wat moet ons maak: Toegee of teëstaan? ~~Saamgee~~ Buig of brand?

→ Kan u u indink i.d. ~~t~~ innerlike vrese, die tweestryd, die worsteling in hulle gemoed? Die toevlug tot God, die ure v. gesprek en gebed? Die twyfel: Wat is hier reg? Wie moet ek gehoorsaam? // Hoeveel duisende jongmense wat eerlik voor God wil lewe ken nie ook hd. stryd nie? Sal ons nie ook maar buig voor die beeld nie? As die Koning & al sy maghebbers dit dan doen?

Die ~~twyfel~~ stryd nog swaarder as hulle (vs. 14) hulle die opening gee om los te kom as hy sê: „Is dit met opset –" hoe maklik om te sê: Misverstand! Jammer!

Maar iets in hulle, 'n mag sterker as hulleself, hou hulle staande. Dis nie hulle deugdelikheid, hulle beginselvastheid nie – nee, maar dis omdat hulle die Kerk van die Here ander (Swak) in daardie land verteenwoordig – omdat hulle bloot instrumente is in die hand van God. Dan antwoord hulle (vs. 17): „Of onse God wat ons dien ons gaan verlos of nie – laat dit u bekend wees dat ons u gode nie sal dien nie en die goue beeld nie sal aanbid nie"

Dan volg met woeste geweld die gevangeneming, die vasbind en die ingooi in die tot 7 maal verhitte vuur. Die jong in die vuur omring van vlamme wat lek en verskroei! En as skouspel van 'n Koning & sy trawante!

→ Hoeveel vure soek nie en vandag ons jong te verteer nie? Die versengende hitte van baie magte:

Vure van buite: Valse morele waardes, verleidelike versoekings, d. skyn van populariteit en posisie,

Vure van binne: Die vuur van onheilige ambisies, van blinde vooroordeel, van verterende hoogmoed, van onrein gedagtes, van valse rassetrots –

Hoeveel van ons ouers steek self die vure aan die brand? Of sit willoos en toekyk dat sulke vure ons kinders verbrand?

Hoeveel van ons jongmense, in valse selfversekerdheid, roep uit: Laat die vlamme kom! Ek is jonk! Ek is sterk!

III <u>Die Vreemdeling in die Vuur</u>: „Dis Klaar met hulle!"

So dink almal. Maar skielik gryp d. Koning sy stoel vas. Wat is dit daar? Hy rys na die oond: Dan nie drie gebind uitgegooi nie? En nou – wie is daar? Nie net drie nie, maar vier — drie gebind nie maar bevry, nie brandend maar wandelend, ongeskroei! Wie is jy, o Vierde?

→ Wat ander 3 vrygemaak het?

Nebukadnesar het dit nie geweet nie, maar die jongmanne het geweet: dat in die vuur van smart en hel en dood het God sy Engel gestuur, die Godseun, Jesus Christus, om hulle by te staan! Ja, dieselfde Christus wat in die volheid v.d. tyd sou afdaal ter helle, in die vuur van vernietiging, om ons daaruit te red! In die uur van donkerheid en dood is Hy daar!

→ Ek dink aan die wêreld waarin ons jongmense vandag moet opgroei en hulle weg vind: sy subtiele propaganda, sy oorbeklemtoning v.d. materiële, sy uitbuiting van d mens se heiligste seksualiteit: hoe sal ons jongmense in h.d. vurige oond staande bly, ongeskroei uitkom? Hoewel duisende v. mense se houding, gewoontes, taalgebruik, gesigsuitdrukking vertel ons net een verhaal: Geskroei deur die vure van ons tyd! Vlamme hulle beetgehad!

Hoe? Net een antwd: Deur elke dag so naby aan Xtus te leef dat die vuurproef Hom hulle moet: Onse God is self 'n verterende vuur! In Hom is ek klaar gelouter – nou is ek beskerm want dit weet ek: Al gaan ek in die dal v. doodskaduwee, al moet ek deur die vurige oond – U is met my, u teenwoordigheid versterk my! Dis d wonder: As Xtus d Vierde my vrygemaak het, kan d vlamme maar opslaan!